Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.

# Afrikaans EAT

| GRAAD 4 | | KWARTAAL 3 |
|---|---|---|
| EKSAMINATOR | | TYD: 1 UUR |

# SIKLUSTOETS

| | |
|---|---|
| 40 TOTAAL | % |

| | |
|---|---|
| NAAM EN VAN: | |
| OUER SE HANDTEKENING: | |

**LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR:**

1. Hierdie toets bestaan uit sewe bladsye. Maak seker dat jou toets volledig is.
2. Beantwoord al die vrae op die toets in Afrikaans.
3. Lees die vrae noukeurig deur en let op na die puntetoekenning.
4. Skryf leesbaar en bied jou werk netjies aan.
5. Sterkte!



Bron: Google images, freepik

**Afdeling A: Leesbegrip**

**Vraag 1**

**Lees die storie mooi deur en beantwoord die volgende vrae.**

## Albert se avontuur by die dieretuin

Albert en sy gesin het Saterdag 5 Julie 2025 die dieretuin in Johannesburg besoek. Hy was so opgewonde, want hy hou vreeslik baie van diere. Toe hulle by die ingang kom, kry Albert ’n kaart van die dieretuin. Daar was foto’s van leeus, olifante, ape en selfs ’n seekoei!

Hulle het heel eerste die olifant gesien. Hy swaai sy groot slurp heen en weer. Albert lag toe die olifant water op sy suster spuit. Sy suster was nogals kwaad. Daarna stap hulle na die ape toe. Een aap spring van tak tot tak en trek snaakse gesigte vir die mense.

Albert koop vir hom ’n roomys by die kafee en gaan sit op die bankie. Hy hoor ’n harde geluid – dis die leeus wat brul! Hy staan op en hardloop dadelik na hulle hokke toe. Die leeus lê te lekker in die son en bak. Albert wens hy kon aan een vat, maar hy weet dat dit heeltemal te gevaarlik is.

Na ’n heerlike dag by die dieretuin is dit tyd om huis toe te gaan. Albert is nou lekker moeg, maar so gelukkig. Hy het hierdie dag so geniet!



Bron: Ongepubliseerd, Annelie Botha
Foto: Google images, freepik

## WOORDBANK

| Afrikaans | Engels |
|---|---|
| dieretuin | zoo |
| kaart | map |
| opgewonde | excited |
| olifant | elephant |
| leeu | lion |
| roomys | ice cream |
| aap | monkey |
| spring | jump |
| brul | roar |
| heerlik | lovely |
| gelukkig | happy |

1.1. **Wat** is die storie se naam? (1)

________________________________________

1.2. **Wie** is die hoofkarakter in die storie? (1)

________________________________________

1.3. Dui aan of die volgende stelling **waar (true)** of **onwaar (false)** is en indien dit onwaar is, verskaf die korrekte antwoord uit die storie:

1.3.1 Albert sien eerste 'n seekoei. (2)

________________________________________

________________________________________

1.3.2 Albert en sy gesin was Sondag 5 Julie by die dieretuin.

________________________________________

_______________________________________________ (2)

1.3.3 Die olifant spuit water op sy suster. ____________________ (1)

1.4 **Wat** koop Albert vir hom by die dieretuin se kafee? (1)

_______________________

1.5 Onderstreep ’n **antoniem (opposite)** vir die woord **“gelukkig”**. (1)

1.5.1 bly

1.5.2 ongelukkig

1.5.3 goed

1.6 Kies die korrekte antwoord om die sin te verduidelik. (1)

***Aan die einde van die dag was Albert so gelukkig* –** beteken ...

1.6.1 Albert het die lekkerste dag by die dieretuin gehad.

1.6.2 Albert was moeg en wou net huis toe gaan.

1.7 Was jy al ooit by ’n dieretuin en het jy daarvan gehou? Gee ’n gepaste rede vir jou antwoord. (2)

_______________________________________________

1.8 **Watter** dier in die dieretuin is jou gunsteling en verskaf ’n rede waarom? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

1.9 **Waarom** dink jy mag Albert nie aan ’n leeu vat nie? (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

**Afdeling A: 15 punte**

**Afdeling B: Visuele teks**

**<u>Vraag 2: Visuele teks</u>**

**Kyk mooi na die volgende advertensie (advertisement) en beantwoord die vrae.**




Bron: Ontwerp op Canva

2.1 **Wat** word in die advertensie geadverteer? (1)

______________________________________________

2.2 **Hoeveel** sal dit kos as jy al die geure wil koop? (1)

______________________________________________

2.3 **Hoeveel** geure word geadverteer en noem hulle? (3)

______________________________________________

2.4 **Watter** geur sal jy graag wil probeer? Gee ’n rede vir jou antwoord. (2)

______________________________________________

2.5 **Wat** is die naam van die kafee waar jy die roomys kan koop? (1)

______________________________________________

2.6 **Onderstreep** die korrekte antwoord:

Hierdie roomys is beskikbaar by (supermarkte / dieretuine). (1)

2.7 **Noem** een voordeel (benefit) wat die roomys vir jou inhou. (1)

______________________________________________

**Afdeling B: 10 punte**



Bron: Google images, freepik

## Afdeling C: Taal in konteks

**Vraag 3: Trappe van vergelyking**

Vul die ontbrekende **trappe van vergelyking** in: (4)

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| lekker | | die lekkerste |
| | mooier | |
| snaaks | | die snaaksste |

**Vraag 4: Bywoorde**

**Omkring (circle)** die bywoorde in die volgende sinne en dui aan watter tipe bywoord dit is:

4.1. Albert stap rustig deur die dieretuin. (1)

______________________________

4.2. Hulle gaan Saterdag na die dieretuin toe. (1)

______________________________

4.3 Albert eet nou sy roomys. (1)

______________________________

**Vraag 5: Voegwoorde**

Gebruik die voegwoord tussen hakies om die sinne te verbind.

5.1. Albert is baie opgewonde. Hulle gaan dieretuin toe. (want) (1)

______________________________________________

______________________________________________

5.2 Die apies swaai van tak tot tak. Trek gesigte vir almal. (en) (1)

______________________________________________

______________________________________________

**Vraag 6: Ontkenning**

Skryf die volgende sinne oor in die ontkennende vorm: (3)

6.1 Albert gaan vir hom 'n melkskommel koop.

______________________________________________

6.2 Albert se suster word natgespuit deur die kameelperd.

______________________________________________

6.3 Albert was baie ongelukkig aan die einde van die dag.

______________________________________________

**Vraag 7: Enkelvoudige sinne**

Ontleed die volgende enkelvoudige sin deur die onderstaande tabel te voltooi: (3)

7.1 Die leeus brul kliphard vir al die mense.

| *Onderwerp* | *Voorwerp* | *Werkwoord* |
|---|---|---|
| | | |

**Vraag 8: Vraagsinne**

Skryf die **vraag** vir die volgende antwoorde neer. (2)

8.1 Albert en sy gesin is by die dieretuin.

______________________________________________

8.2 Dit kos R15 per roomys by die dieretuin se kafee.

______________________________________________

**Vraag 9: Voornaamwoorde**

Vul die ontbrekende **voornaamwoorde** in: (3)

9.1 Albert se ouers vat hom dieretuin toe. _________ is baie opgewonde.

9.2 Albert se suster is baie kwaad vir die olifant wat haar natgespuit het. ________ is baie groot en sommer ongeskik.

9.3 Die dieretuin is baie groot. ________ gaan ons die hele dag besig hou.

**Afdeling C: 20 punte (verwerk na 'n punt uit 15)**



Bron: Google images, freepik

**Afdeling D: Opsomming**

Gebruik die volgende woorde om 'n opsomming oor die storie, **Albert se avontuur by die dieretuin**, te maak:

| **gevaarteken, diere, roomys, kaart, gevaarlik** |
|---|

Albert besoek die dieretuin en kry 'n ________________ om al die diere te vind. Hy sien baie interessante _______________, insluitend die ape en leeus. Albert koop 'n _____________ by die kafee. Hy weet dit is ________________ om aan 'n leeu te vat, daarom lees hy elke ________________.

**Afdeling D: 5 punte**
**Groottotaal: 40**

**Gaan nou mooi deur jou toets en maak seker dat jy alles ingevul het.**

